View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)



# Ons Erfenis van Driehonderd Jaar.

**DAAR was 'n klein aanvangskapitaal bestaande uit materiële en geestelike aandele wat in die loop van driehonderd jaar deur verstandige en gelukkige belegging ontsaglik aangegroei het tot 'n omvang wat die oorspronklike ondernemers, as hulle vandag nog sou geleef het, verbysterd sou laat staan het.**

Waar ons tans die stigting van die blanke volksplanting aan die Kaap driehonderd jaar gelede herdenk, gaan dit nie om bloot in die herinnering terug te roep 'n eenmalige gebeurtenis van April 1652 nie, maar veel meer die uitwerking en gevolge daarvan, soos sigbaar in die

**Deur D. W. KRÜGER**

Unie van Suid-Afrika vandag. Dit is veral van die allergrootste betekenis dat ons ons nou rekenskap gee van ons groot positiewe erfenis en hoe ons daaraan gekom het.

Op sigself geneem, was die vestiging van die verversingspos deur Van Riebeeck van net so min betekenis vir die geskiedenis as die stigting van Portugese forte en faktorye langs die oos- en weskuste van Afrika. Tereg kon dr. Godeé-Molsbergen, biograaf van Van Riebeeck, dan ook verklaar dat Suid-Afrika nie groot geword het deur sy stigter nie, maar omgekeerd het Jan van Riebeeck groot geword deur sy stigting. Sy belang in ons geskiedenis is wesenlik daarin geleë dat onbewus en onwillekeurig uit sy klein begin 'n staat en 'n volk ontwikkel het wat van groot historiese betekenis is. Die einde maak dus die begin belangrik. Om in die taal van 'n handelsmaatskappy te spreek: daar was 'n klein aanvangskapitaal bestaande uit materiële en geestelike aandele wat in die loop van driehonderd jaar deur verstandige en gelukkige belegging ontsaglik aangegroei het tot 'n omvang wat die oorspronklike ondernemers, as hulle vandag nog sou geleef het, verbysterd sou laat staan. Die resultaat is 'n erfenis wat ons vandag besit van byna onberekenbare

waarde, en tans het die oomblik aangebreek om ons daarvan rekenskap te gee.

Aan materiële kapitaal het die verversingstasie aan die Kaap heel weinig besit. Die verversingstasie is aangelê met 70 blankes wat verantwoordelik was vir die bou van 'n fort, 'n hospitaal en die aanlê van groentetuine. Dit was nooit die bedoeling om te koloniseer nie, en aanvanklik het die Kompanjie moeite gedoen om sy grondbesit te beperk. Die nood en behoeftes van die tyd het sake egter anders laat ontwikkel. Die Kompanjiesdienare kon naamlik nie genoeg produseer nie, en gevolglik was die bewindhebbers verplig om toe te stem dat 'n paar van hulle as vryburgers op eie houtjie groente en graan verbou. Daarmee is teen wil en dank 'n begin gemaak met kolonisasie, wat in die loop van die volgende eeue ontsaglik uitgebrei het, veral toe veeboerdery 'n vername bedryf geword het. Daarmee het ook die materiële besit grootliks toegeneem, en die uitbreiding van die blanke bevolking kon skaars tred hou.

Was die materiële bates uiters skraal, anders was dit gesteld met die geestelike toerusting van die oorspronklike nedersetters, want, miskien onbewus, was hulle die draers van 'n Wes-Europese Christelike beskawing wat baie oud was. Dit het ingesluit die ontsaglike kulturele erfenis van die westerse wêreld wat sedert die tyd van die Grieks-Romeinse oudheid geakkumuleer het. Dit omvat 'n lewenspraktyk sowel as 'n lewensbeskouing wat dateer uit die tyd voor die Christelike jaartelling, nl. alles wat die Weste besit het aan grondbegrippe in verband met wetenskap en kuns, filosofie en reg. Daarby kom egter ook die ganse Christelike erfenis van die Weste en meer spesifiek die Calvinisties-gereformeerde godsdiens waarvan Van Riebeeck en sy mense die bewuste draers was. Blykens die beroemde gebed van die stigter was dit trouens die verklaarde oogmerk van die bewindhebbers om naas stoflike gewin vir die Kompanjie ook die geestelike heil van die inheemse bevolking deur die verspreiding van die gereformeerde religie na te strewe. Tot welke mate in albei daardie doelstellinge geslaag is, spreek ons ons hier nie uit nie. Die Calvinisme waarmee Van Riebeeck na Suid-Afrika gekom het, was in sy wese liberaal, d.w.s. dit was gemik op die vrymaking van die individu van Roomse oorheersing, dit het alle tussenskakels tussen die Christen en sy Verlosser uitgewis en almal in hulle profetiese amp gelykgestel voor God. Terselfdertyd het dit bewus en onbewus ook 'n groot politiek-staatkundige vrymaking deurgevoer. Hoe betekenisvol hierdie deel van ons geestelike erfenis ook al vir die Protestante lande van Wes-Europa gewees het, in ons land moes dit noodwendig onder die druk van omstandighede gewysig word. Aan die Nederlandse Calvinisme wat na hierdie verre strande oorgekom het, is gedurig toegevoeg, sodat

die oorspronklike belegging daardeur verryk is op 'n wyse wat ons nie altyd genoeg waardeer nie.

Ten nouste daaraan verbonde is die praktyk en opvatting in verband met die verhouding tussen blank en nieblank. Oorspronklik is daar geen of weinig onderskeid op grond van kleur en ras gemaak nie, en heelparty gevalle van bloedvermenging het voorgekom. Kinders van blankes en slawe het op dieselfde skoolbanke gesit, en oor die algemeen het Van Riebeeck en sy onmiddellike opvolgers 'n verhouding met die inheemse bevolking gehad soos 'n mens tussen Europese volkere gewoon was. Daar was geen sterk nasionale bewussyn nie en ook geen opmerklike kleurgevoel nie; en as daar 'n afkeer van al te intieme omgang was, dan het dit uit estetiese oorweginge geskied. Ook in hierdie opsig het daar in die loop van die jare daarna 'n groot verandering ingetree.

Die eerste groot stap in die uitbreiding van ons erfenis van Van Riebeeck was die bewuste kolonisasiewerk van die Van der Stels en die aankoms van die Franse Hugenote. Eerstens beteken dit 'n groot uitbreiding van die deur blankes bewoonde gebied en 'n wins aan bodem. Daarnaas beteken dit egter 'n omvorming van die wortelbestanddeel van ons nasie. Terwyl Simon van der Stel die jong kolonie Hollands wou hou, het die aankoms van die Hugenote dit tog op die duur onmoontlik gemaak. Op sigself geneem, was die aanwas van die bevolking met minder as 200 Hugenote gering, maar as in aanmerking geneem word dat die totale permanente blanke bevolking van die kolonie destyds weinig meer as 600 siele getel het, was dit tog van belang. Terwyl die Kompanjie se beleid was om die Franse hier te denasionaliseer, is in die proses die Hollanders as gevolg van ondertrouing self gedenasionaliseer. Dit is 'n natuurlike faktor waaroor geen regering ooit kontrole kan uitoefen nie. Met die geleidelike toevoeging van Duitse immigrante in die 18de eeu is die proses verder verhaas, en daaruit is gebore die Afrikanernasie. Gering in getal, verspreid oor 'n groot en groter wordende oppervlakte namate die vereistes van die veeboerdery hulle dieper landinwaarts gedwing het, was hulle aanvanklik nog sonder nasionale bewussyn, maar reeds was hulle besig om 'n eie Afrikaanse taal te ontwikkel en 'n eie lewensbeskouing wat in hierdie bodem gewortel was, hoeseer dit ook sy diepere grondslag in die lande van hulle herkoms gehad het. Die pionier van die 18de eeu was daarby as mensetipe net so verskillend van die 17de-eeuse Hollander as wat die Voortrekker van die daaropvolgende eeu van hom verskil en die 20ste-eeuse Afrikaner van die Voortrekker. 'n Taai en geharde volk het ontwikkel, hier geakklimatiseer en beter as die suiwer Hollander in staat om hierdie land te bewoon, mak te maak en te wen vir die Europese beskawing. Miskien was dit juis so voorbeskik deur God dat verskillende Wes-Europese elemente hier moes ondertrou en

vermeng om daardie oogmerk te bereik, al was hulle nie bewus van hulle historiese roeping nie.

Nasionale rypwording en die ontwikkeling van die besef van nasionale saamhorigheid het eers geskied deur die inwerking van twee magtige stimuli, nl. eerstens die Groot Trek en sy botsing met die Bantu, en tweedens die Vryheidsoorloë en die botsing met daardie ander taai Wes-Europese volk, die Engelse. Die vordering van die nasie in die loop van die 18de en 19de eeue het nie slegs gepaard gegaan met 'n gedurige vermeerdering van sy materiële besit, die vernaamste waarvan die nasionale bodem was nie, maar ook met 'n uitbouing van sy geestelike erfenis. Belangrik in hierdie opsig is veral dat die Calvinisme onder druk van plaaslike omstandighede en die aanraking met 'n laerstaande beskawingsgroep, nl. die Bantu, aristokraties geword het. Dit is dan ook vandag nog die geval en die verklaring vir die groot kloof wat daar gaap tussen die Hollands-Amerikaanse en die Suid-Afrikaanse Calvinisme.

In verband met die nasionale ontwikkeling gedurende die 19de eeu is dit van besondere belang om die groot erfenis van die Trek en die Tweede Vryheidsoorlog in gedagte te hou. Ons hele Republikeinse tradisie lê tussen daardie twee pole opgesluit. Uit die een is gebore die Republieke in die binneland van Suid-Afrika, en met die ander is die Republikeinse staatsgebou vernietig. In albei gevalle het ons volk reusagtige offers op die altaar van vryheid gebring, so selfs dat ons byna op die rand van die afgrond gebring is en ondergang ons in die gesig gestaar het. Nêrens in ons geskiedenis is die hand van God so sigbaar nie, en dit is asof ons die geruis van sy Mantel hoor. Hierdie deel van ons geskiedenis lees dan ook soos 'n Griekse sage, byna te vreemd om waar te wees.

Daarby is dit gepas om hier die ontsaglike aandeel van ons Afrikaanse vroue in gedagte te hou. Hulle het deur hulle teelvermoë in 'n groot mate aansien aan hierdie volk gegee en die nasionale tradisie van geslag tot geslag voortgeplant, en daarby het hulle in die uur van nood ook die laaste offer vir volk en vaderland gebring; m.a.w. hulle het geweet hoe om te leef en te sterf vir hierdie land. Ook dit is deel van ons kosbare erfenis; die herinnering daaraan mag nooit uitgewis word nie.

En waar ons dink aan die bouers van ons nasie, mag ons ons groot manne nie vergeet nie. Ons dink hier veral aan 'n Paul Kruger en sy reusagtige strewe om die Republikeinse onafhanklikheid in stand te hou teen die oormag van die Britse ryk, sowel as aan sy onberekenbare groot beskawingsarbeid in Transvaal. Hy, ten minste, was baie goed bewus van sy taak en die historiese betekenis daarvan in die proses van ons nasiebou. Verklaar hy nie self in sy laaste brief nie: „Ek het geleer

om te berus in die bittere gedagte om die oë te sluit in die vreemde as 'n balling, byna heeltemal alleen, ver van bloedverwante en vriende wat ek waarskynlik nooit weer sal sien nie, ver van die Afrikaanse grond wat ek wellig nooit weer sal betree nie, ver van die land waaraan ek my lewe gewy het om dit te open vir die beskawing en waar ek 'n eie nasie sien ontwikkel het"? Hy het egter berus in die gedagte dat sy werk nie tevergeefs was nie en dat dit voortgesit sou word. Daarby was hy tot sy sterwensdag vervul van die gedagte dat God hierdie volk nie in die steek sou laat nie. Die Republikeinse gedagte het dan ook werklik nie uitgesterf nie, die politieke erfenis van die Groot Trek het ook nie werklik verlore gegaan nie, en die nasionale onafhanklikheid is herwin in 'n omvang ruimer as wat Paul Kruger beoog het.

Die ondergang van die Republieke was wel vir tydgenote 'n ontsaglike tragedie, maar dit was noodsaaklik ten einde die weg voor te berei vir unifikasie van die verskillende blanke state in suidelike Afrika en die samevoeging van alle Afrikaners in 'n ruimer staatkundige eenheid. Die verlore oorlog met sy gemeenskaplike lyding, die opwekking van 'n nuwe saamhorigheidsgevoel, nasionale selfrespek en nasionale trots het die basis gevorm van toekomstige eenheid. Reeds in 1902 tydens die vredeskongres het generaal Smuts in gloeiende woorde uitdrukking gegee aan die nuwe nasionale gedagte deur te verklaar dat die stryd gegaan het nie soseer om handhawing van die Republikeinse onafhanklikheid nie maar die voortbestaan van die nasie self. „Elkeen hier verteenwoordig die Afrikaanse volk, nie net die deel wat tans in die veld is nie, maar ook die deel wat reeds onder die aarde rus, en die deel wat nog na ons sal bestaan. Ons verteenwoordig nie net onsself nie, maar ook die duisende ontslapenes wat die laaste offer vir hulle volk gebring het, die gevangenes versprei oor die hele wêreld; die vroue en kinders wat in die kampe van die vyand by duisende uitsterf; ons verteenwoordig die bloed en die trane van 'n ganse nasie." En waar hulle die stryd moet staak, doen hulle dit in die gewisse vertroue dat die vryheidstryd gestry is nie net vir die Boere nie maar vir die hele volk van Suid-Afrika. „Die uitkoms van die stryd is in Gods hand. Miskien is dit sy wil om die volk van Suid-Afrika deur neerlaag, deur vernedering, ja selfs deur die dal van die doodskaduwee te lei tot 'n beter toekoms in 'n heldere dag."

Daardie dag het dan ook werklik aangebreek gouer as besef is. Die gewese Republieke het selfregering in 1906 en 1907 ontvang, unifikasie het in 1910 plaasgevind, en toe het daar weer 'n man opgestaan wie se grootheid nie altyd na waarde geskat is nie. Dit was generaal Hertzog, die argitek van so baie van wat ons vandag ons eie kan noem. Doelbewus en stap vir stap, dikwels tot teleurstelling van sy Republikeinse aanhan-

gers wat spoedige resultate verwag het, het hy daaraan gearbei om die Unie soewerein onafhanklik te maak van die Britse ryk. Sy werk is in 1931 bekroon met die aanname van die Westminster-Statuut, wat ten minste juridiese vryheid aan ons land gegee het. Die laaste stap in die rigting van 'n Republikeinse staatsvorm is slegs 'n tydsvraagstuk. Republikeine is geneig om die herstel van die Republiek slegs dan te verwelkom as dit langs geweIddadige en rewolusionêre weg geskied, net soos eenmaal die Boere-Republieke te midde van die geloei van stormklokke onder gegaan het. Maar dit is nie nodig nie; en daardie laaste konstitusionele stap kan so stilweg gedoen word dat ons dit byna nie merk nie. Tog sal dit nie minder waardevol wees nie.

As ons die erfenis van ons verlede bereken, is daar een goue kleinood wat vir ons besonder dierbaar is, nl. ons nasionale letterkunde. Dit is merkwaardig hoe die eie Afrikaanse bodem en Afrikaanse natuur ons skrywers geïnspireer het. Treffend is dit veral by Totius selfs in sy beryming van die Psalms, wat anders as die offisiële benaming aandui, in werklikheid dikwels oorspronklike poësie is, juwele van ons letterkunde wat in die res van die wêreld nie oortref is nie. En dit alles, saam met die Bybelvertaling, in 'n eie pragtige Afrikaanse taal wat innig verbonde is aan hierdie bodem, vir ons die soepelste medium van uitdrlkking, tot enigiets in staat. In hierdie opsig het ons tot 'n stadium van rypwording en innerlike verryking gekom wat eindelik die weg tot selfkritiek baan. Dit is die ontwikkeling wat in die onmiddellike toekoms voor ons lê.

Die grondslag egter van ons nasionale erfenis is die nasionale bodem wat ons voorgeslagte verwerf het. Sonder bodem of woonplek kan geen volk bestaan nie. Die geskiedenis van die wêreld ken slegs een so 'n voorbeeld, nl. die volk Israel, maar daar was besondere omstandighede wat ons hier nie kan bespreek nie. In elk geval kon die Joodse volk sedert hulle omswerwing begin het, nie daarin slaag om ooit 'n nasionale letterkunde voort te bring nie, en moes Joodse skrywers en digters die beste van 'n slegte saak maak deur bydraes te lewer tot die letterkunde van die volkere waar hulle te gas was. Dit wou meestal nie gaan nie, en Isaac da Costa moes erken: „Ik ben geen zoon der lauwe westerstranden. Mijn vaderland is daar de zon ontwaakt". Ons vaderlandse bodem was egter steeds 'n bron van inspirasie. Dit het die land van ons liefde geword, hartstogtelik of teer, al na die instelling van die enkeling. Dit is tans nog die grondslag van ons nasionale lewe, en ons Afrikaanse platteland die voedingsbodem ook vir ons stede.

As ons ons ganse erfenis gaan bereken, sal ons vind dat dit ontsaglik ryk en groot is. Ons het wel, gepaard met die uitbreiding van ons oorspronklike kapitale belegging, ook groot laste, maar ons mag nie te

pessimisties wees nie. Baie probleme los hulleself op, en elke geslag staan opnuut voor nuwe probleme. Die grootste gevaar wat ons geestelike erfenis bedreig, lê opgesluit in die aanvaarding van die rewolusionêre denke van die 20ste eeu met sy nuwe Caesarisme en sy totalitarianisme. Daarby moet ons waak teen die nivelleringsproses, wat veral deur die moderne tegniek moontlik gemaak word en wat dreig om ons nasionale entiteit en individualiteit te vernietig.

Inmiddels dank ons God by hierdie geleentheid vir ons nasie, vir ons vaderland en vir ons stoflike en geestelike erfenis. Ons bid God dat hy ons in staat sal stel om dit in die toekoms te bewaar, te handhaaf en verder uit te brei.